

BID VIR CHRISTENE IN EGIPTE

Ten minste 12 mense is dood na die terroriste-aanvalle op 29 Desember op 'n kerk en 'n Christen se winkel in Helwan, suid van Kaïro.

Kort daarna, tydens 'n direkte SAT-7 uitsending vanaf Kasr el Dohara Evangeliese Kerk, het Pastor Sameh Hannah saam met die gemeente gebed vir Egipte: "Ons wil bid vir Egipte, dat God sy mense sal beskerm. Die bose wil verskrikking en hartseer saai in mense se huise ... Ons bid dat die Here leërmagte van engele stuur om sy mense te beskerm en groot dinge te doen. Laat alle bose planne stop, en die hartseer wyk! Laat die sameswerings van bom-aanvalle op kerke en doodmaak van mense ophou! Hoewel die bose geeste aan die werk is in hierdie tye, is U, God, magtig, hoër en sterker. Ons bid vir beskerming van ons kerke, ons polisie en ons weermag ... Here, u mense sal sterker wees in geloof, sonder vrees, afhanklik van U.

Verkondig jul geloof, kerk van Egipte! Die kerke sal vol word omdat u mense weet U is teenwoordig en U beskerm hulle. Kom ons bid saam en vra dat die Here Egipte beskerm en alle bose planne sal ontbloom. Here, beskerm hierdie land ter wille van Jesus Christus. Hier waar ons Kersfees vier, onthou ons die stem uit die hemel - "vrede op aarde" - ons vra vir vrede op ons aarde en vreugde vir die mense!"

- Bid vir genesing van gewondes, vir die gesinne van dié wat onlangs hulle lewens verloor het, en vir almal wat geliefdes verloor het in die afgelope jaar weens die reeks aanvalle op Egipte se Christen-gemeenskap.
- Bid vir beskerming vir die Christen-gemeenskap.
- Pleit by God vir groter vrede in die Midde-Ooste en Noord-Afrika in hierdie komende jaar
- Tree in vir SAT-7 om Christus se kerk te help groei ten spyte van dreigemente, onderdrukking en moord. Bid dat programme, webtuistes en video's instrumente in God se hande sal wees om 'n nuwe geslag toegewyde leiers vir die Midde-Ooste en Noord-Afrika te vorm.

Januarie 2018

Foto: Pastor Sameh Hannah

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwooddrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399



MAAK
HOOP
SIGBAAR

Kopiereg © 2018 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

GEHEIME GELOWIGES IN IRAN

Te midde van onlangse oproerigheid, vind SAT-7 kykers in Iran steeds hoop en vrede in Christus.

Marjan skryf: "Ek groet julle in die Naam van ons Here, Jesus Christus. In die jare voor ek Hom ontmoet het, het my gees in die wildernis rondgedwaal. Maar 'n jaar gelede het ek Jesus en die Woord van God leer ken deur 'n buurman van my oom. Ek is hartseer dat ek nie meer kon groei in geloof en kennis oor ons Here nie, want in ons land is nie baie geleenthede daartoe nie. Nogtans bid ek aanhoudend tot Jesus en vertrou op Hom in al my swaarkry. Ek beleef Sy teenwoordigheid in my, en my gees is nie meer in die wildernis nie. Daar is baie vrede en rustigheid in my hart. Hy gee hoop en doel aan my lewe.

" 'n Ruk gelede het 'n vriend my vertel van SAT-7. Sederdien kyk ek jul programme. God gebruik julle om meer vrede in my lewe te bring. Help my asseblief om te bid en nog meer te groei in die Here."

Ten spyte van geweldige hindernisse kom 'n groeiende aantal Iranese na Christus toe. *Operation World* berig dat hierdie land, met sy verdrukkende regering, die vinnigste-groeiende Evangeliese bevolking in die wêreld het.

'n Nuwe programreeks, *God en die Vervolgdes*, is pas geloods om gelowiges te help groei tot geestelike volwassenheid, innerlike krag en uithou vermoë, sodat hulle kan volhard te midde van vervolging en mishandeling. Twee bekende Iranese-gebore pastore bied die reeks aan en bemoedig geheime Christene deur Skrifgedeeltes en gebeure in die kerkgeskiedenis. Bykomend bied SAT-7 beraders 'n waardevolle diens deur een-tot-een ondersteuning aan geïsoleerde gelowiges wat kontak, gebed en hoop soek in benarde omstandighede.

- Bid asseblief vir Iran – duisende mense betoog regoor die land sedert verlede week. Minstens 20 mense is dood en honderde is gearresteer. Bid vir vrede en beskerming van hierdie nasie in 'n oproerige tyd.
- Loof die Here dat so baie Iranese oop is vir die Evangelie, ten spyte van geweldige teenstand.
- Vra God dat nog baie meer mense gelowig sal word deur SAT-7 PARS se programme.



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hul boodskappe lees:

Kyker in Sirië – Daar is ontploffings baie naby ons huis, maar Jesus het ons familie tot nou toe bewaar. Bid dat Hy ons sal beskerm en help dat ons emigrasie aansoek goedgekeur word.

Kyker in Koerdistan – Sommige van my familieledes is dood en ander het hul huise verloor met die aardbewing in Kermanshah in November. Bid vir die meer as 7,000 beseerdes. Vra God se vertroosting vir die families van die meer as 500 mense wat in die aardbewing gesterf het.

Kyker in Irak – Dit gaan emosioneel en finansiële nie goed met my en my seun nie. Daar is vir my geen sin meer om te bid nie, en om eerlik te wees, ek wens om dood te gaan. (Bid vir bemoediging en hoop vir haar.)

Kyker in Turkye - My vrou is asiel geweier in Turkye asook in die Europese Unie lande en kan nie uitkom uit Georgië nie. Pleit by God om hulp dat ons weer verenig kan word.

Kyker in Iran – My familie laat my nie toe om meer na jul programme te kyk nie. Maar ek het daarvoor gebid want ek wil my Here volg. Bid dat my geloof sal groei.

Kyker in Egipte – Ek hou van wat ek weet van Jesus en Sy vrede. Hoe kan Hy my aanneem as Sy volgelinge? Bid dat ek dit sal verstaan.

SAT-7 KIDS HERENIG LANK- VERLORE PA EN SEUN

Michael* se verhaal is een van die wonderlikste oomblikke in die tien jaar van SAT-7 KIDS uitsendings. Talle families is al versterk deur die kanaal, maar hierdie was 'n ongelooflike werk van God – die span het Michael met sy vervreemde pa herenig!

In 2014 het die sewe-jarige Michael sy pa reeds vir drie jaar nie gesien nie. Na sy ouers uit mekaar is, het hy en sy ma uit Egipte Hongarye toe getrek. Hy het alle kontak met sy pa verloor. Adham,* sy pa, vasberade om met Michael in aanraking te kom, het 'n brief gerig aan die aanbieder van *Hoekom so?* – Michael se gunsteling-program.

'n Onmoontlike versoek

“*Mr Know*, bid asseblief vir ons,” het Adham geskryf. “Bid dat ek my seun kan sien of ten minste met hom kan praat. Na al hierdie jare weet ek nie hoe dit moontlik is nie, maar ek is seker God sal die onmoontlike doen.” *Mr Know* het in die regstreekse uitsending van *Hoekom so?* vir die gesin gebid. Die SAT-7 KIDS span het ook gebid. God het baie vinniger opgetree as wat enigiemand kon dink. Wonderbaarlik genoeg het Michael na daardie selfde episode gekyk. Hy het ook aan *Mr Know* geskryf en gevra om in aanraking te kom met Adham. Tot hul groot blydschap kon hulle kort daarna met mekaar praat.

“Prys die Here, ek het met hom gepraat!”

Na hierdie lewensveranderende oproep, het Adham dank betuig in 'n brief aan SAT-7 KIDS: “Prys God, ek het met Michael gepraat! Hy het my vertel hoeveel julle hom bemoedig het ... Ek kan julle nie genoeg bedank nie. Mag God julle seën, en mag julle 'n seën wees vir baie ander. God is waarlik goed en in staat om baie meer te doen as wat ons dink of verwag.” Michael het ook aan die span geskryf: “Ek was so bly toe hy my skakel. Ons dank Jesus vir Sy liefde, dat hy my deur SAT-7 KIDS gehelp het om met my pa te praat. Dankie vir julle gebede ... bid asseblief dat ek my pa binnekort kan sien.”



SAT-7 KIDS HERENIG LANK- VERLORE PA EN SEUN

- vervolg

“Jesus doen regtig nog wonderwerke”

Michael se gebed is verhoor toe Adham Hongarye toe is en drie wonderlike dae saam met sy seun deurgebring het. Michael se ma het ingestem dat hy voortaan skoolvakansies in Egipte mag deurbring. Hierdie herontmoeting het 'n groot invloed op Michael se geloof. “Hierdie ervaring het my geleer om God se beloftes te vertrou,” sê hy. “Ek kan nie beskryf hoe bly ek was om my pa te sien nie. Dankie, Here ...! Jesus doen regtig nog wonderwerke.”

* Name verander vir veiligheidsredes.



Ons dank Jesus vir Sy liefde, want Hy het dit deur SAT-7 KIDS vir my moontlik gemaak om weer met my pa te praat.

- Bid vir families wat opgebreek is. Vra vir meer vreugdevolle herontmoetings soos wat Michael en Adham beleef het.
- Dank God vir die visie wat gelei het tot die ontstaan van SAT-7 KIDS. Bid vir nog meer lewensveranderende impak op kykers se lewens in die volgende dekade.
- Dank die Here vir SAT-7 KIDS se uitsendings oor tien jaar wat spreek tot die harte van kinders, veilig is vir hulle om te kyk en hul leer van God se liefde.